HHS

| | | |
|---|---|---|
| GRAAD 10 | AFRIKAANSE EKSAMEN | MEI 2013 |
| TYD: 2 periodes | VRAESTEL 3 (Deel 2) | TOTAAL : 50 |

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings:
   Afdeling A : Lang Transaksionele stuk [30]
   Afdeling B : Kort Transaksionele stuk [20]

2. Beantwoord EEN vraag in Afdeling A en EEN vraag in Afdeling B.

3. Jy moet jou werk BEPLAN. Wys dus 'n beplanning en 'n eerste poging. Skryf die skryfstuk netjies oor. Doen jou beplanning in potlood en die netjiese stuk in blou of swart pen.

4. Skryf jou Afrikaanse juffrou se naam op jou antwoordstel.

5. Skryf netjies en leesbaar.

6. Jy mag geen hulpmiddelle by jou hê soos 'n woordeboek of woordeskatlys nie!

7. Onthou om die nommer en titel van jou skryfstuk neer te skryf.

8. Onthou om die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan te skryf.

AFDELING A : LANG TRANSAKSIONELE STUK

1. Vriendskaplike brief
   Skryf 'n brief van simpatie aan jou beste maat. Iemand baie na aan jou maat is onlangs dood. Skryf nou aan jou maat en simpatiseer met hom/haar en wys dat jy daar is vir hom/haar en dat jy die persoon ondersteun.



OF

2. 'n Toespraak




Jy is baie suksesvol in jou skoolwerk en op sportgebied. Jy word gevra om met die juniors van die skool te praat oor hoe om 'n sukses van jou lewe te maak. Skryf nou jou toespraak wat jy gaan lewer, neer.

OF

3. 'n Onderhoud



Jy kry die geleentheid om 'n onderhoud met 'n beroemde/berugte (infamous) persoon te voer. Skryf nou die onderhoud in die vorm van 'n dialoog neer.

OF

4. <u>'n Verslag</u>
   Jy het 'n misdaad gesien. Die polisie het opgedaag en het jou gevra om 'n verslag te skryf oor wat jy gesien het. Skryf nou die verslag neer. Onthou om objektief te bly en te noem waar, wat , wanneer, waarom alles gebeur het.




TOTAAL : 30

<u>AFDELING B : KORT TRANSAKSIONELE STUK</u>

1. <u>'n Advertensie</u>




Jou skool het besluit om 'n baie deftige dans te hou vir Valentynsdag en om geld in te samel vir die matrieks se dans later in die jaar. Die graad 10's is gevra om die dans te adverteer. Onthou om al die nodige inligting te gee.

OF

2. <u>'n Dagboekinskrywing</u>

   Vandag was vir jou 'n besonderse (especially) hartseer/gelukkige dag. Skryf nou dié een dag in jou dagboek neer. Onthou om die korrekte opskrifte te gebruik.

OF

3. <u>INSTRUKSIES: ‘n Plan van aksie</u>



Jy het aan verskillende maniere gedink hoe jy jou punte in die eksamen kan verbeter. Jy noem dit jou plan van aksie! Skryf nou jou idees puntsgewys neer. (minstens 10 punte).

TOTAAL : 20

SOMTOTAAL : 50